

## SATERDAG 4 JULIE

### SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 14

### FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 14:6-10, 18-19

#### Jonatan – God bring ons deur sy Gees en Woord tot die besef van ons eie kleinheid!

Die Heilige Gees wys ons in hierdie hoofstuk op twee persone: Jonatan (die Here het gegee) en Saul. Hulle word teenoor mekaar gestel – nie om op die “*persoon van Jonatan*” of om “*op die persoon van Saul*” te fokus nie, maar om ons juis oor kleingeloof en ongeloof te leer en te waarsku! Hierdie hoofstuk en die verskillende gebeure rondom elkeen van hierdie persone staan nie los van mekaar nie en ook geensins verwyderd van mekaar nie. Op pad na die Filistynse wagpos het Jonatan aan sy wapendraer gesê om saam met hom te kom: *Kom, ons gaan oor na die wagpos van daardie onbesnedenes; miskien sal die HERE vir ons optree, want by die HERE is daar geen verhinderende om deur baie of deur min te verlos nie* (vs 6). Hulle het toe gegaan. Op die oog af klink dit of Jonatan ’n enorme kans vat. ’n Optimistiese sprong! Dalk ’n twyfelagtige sprong! Nee, dit is alles behalwe *net* optimisme en twyfel! Dit is geloof! Ten spyte van die omstandighede buite sy beheer, vertrou hy nog steeds op die Here wat bo die omstandighede staan! Sy geloof kyk verby die omstandighede en sien God raak! Hy tree op in die geloof en sê aan sy wapendraer: *Kom, ons gaan ... miskien sal die HERE ...!* Hy kan nog nie verseker sê nie ... want Jonatan besef dat die tye nie in sy hande is nie! Daarom sy nederige besef deur die geloof “... *miskien sal die HERE ...*” Nog steeds vertrou hy NIE op homself NIE! Hý as Jonatan *weet nie*, MAAR Hý as God *weet presies!* Daarom die vertroue op Hom wat *weet* (Ester 4:14). Jonatan hou in die geloof aan God se belofte vas dat Hy die Redder is en sal wees! Dit wys heen na Jesus Christus. Deur sy Gees staan Hy hom in hierdie besluitnemingsproses by! By sy pa Saul sien ons egter iets heeltemal anders! Ná die optrede van Jonatan was daar verwarring onder die Filistyne! Saul sien dit en gee toe dadelik opdrag (vir Agija) dat die verbondsark van God nader gebring word ... *want die ark van God was in dié tyd by die kinders van Israel* (vs 18). Dit is nie sonder rede dat die teks dit noem nie! Terwyl Saul nog met die priester Agija praat, sê hy weer: *Laat staan maar!* (vs 19). Eers ’n “vat” en toe ’n “los”! Teen die agtergrond van die *verwarring* wat voor hulle afspeel en die risiko wat ontlont is, word die *ark van God* as ’n TIPE gebruiksartikel en ’n TIPE spaarwiel ... eers gegryp (toe die nood op sy ergste lyk) en toe weer dadelik gelos (toe dit blyk dat die gevaar afgeweer is)! Ons sien hier ’n tipiese geloofsverwardheid! NIE ’n vaste vertroue nie, MAAR ’n nuttige voorwerp in tyd van nood!

Die Woord wys ons in die eerste plek die verskil tussen geloof en ongeloof! In die tweede plek word ons geleer dat ons NIE ’n vat & los-geloof moet aanhang nie, maar juis totaal op die Here moet vertrou! Geloof kyk immers verby die omliggende! Daarom roep die Here ons in hierdie gedeelte op om die vat & los-geloof (geloofsverwarring) af te lê en ALLEEN op Hom te vertrou! Mag die Heilige Gees ons die vastigheid in die geloof gee om aan Jesus Christus vas te gryp ... omdat ons *eerste* deur Hom gegryp is (Fil. 3:12)!

*Sing: Psalm 25:2 (1936)*

*Ds. GJ (Gert) Erasmus (Komatipoort)*